

# My idee van ideale Godsdien

Teks: Johannes 6:1 - 15 & Sondag 35  
Teksvers: Johannes 6:15

## 1. Inleiding

Ons leerdiens vandag fokus ons op die tweede gebod. Die presiese onderskeid tussen die eerste en die tweede gebod, is nie altyd vir mense so duidelik nie. Juis ook omdat daar deur die jare al twee verskillende sienings was. Maar ons bly by die tradisionele gereformeerde siening, waarin die tweede gebod gaan oor die manier waarop die Here aanbid word, terwyl die eerste gebod die aanbidding van enige iets anders verbied.

En dit is nou juis hier waar die tweede gebod dikwels verskraal word. Want selfs in Sondag 35 word baie klem op beelde gelê. En natuurlik was dit nodig in die sestiende eeu waar die kerk van die dag, die Rooms Katolieke kerk die liturgie net in Latyn behartig het. Dit wat juis hier waar die gebruik van beelde, of die sogenaamde boeke van die leke gewild geraak het. Omdat die meeste mense nie eers kon lees of skryf nie, wat nog van Latyn verstaan, moes hierdie beelde as hulle boeke dien. Maar vandag is dit vir ons 'n vreemde konsep.

Tog gaan die tweede gebod oor soveel meer as aanbidding. Ons sien dit juis in vraag 97, wat vra of ons dan geen beelde mag maak nie. Die antwoord bring ons bietjie nader aan die eintlike bepaling van die tweede gebod. Ons mag nie beelde maak, om die Here daardeur te aanbid nie. Ander beelde mag wel gemaak word. Die idee word verder uitgebrei in vraag 98. Ons moet God aanbid op die manier waarop Hy ons beveel in Sy woord en nie soos ons goed dink nie. Opgesom beteken dit eiewillige Godsdien, Godsdien soos ek self goed dink en nie soos God ons beveel nie. Maar kom ons gaan luister na Christus self.

## 2. 'n Koning in my diens

Vandag se skrifgedeelte kom uit een van die bekendste gedeeltes uit die Bybel. Die vermeerdering van die brood. Maar gewoonlik val die klem in hierdie teksgedeelte op die wonderwerk self. Die openbaring dat Jesus nie gebind is aan aardse beperkinge nie. Maar dan veral hulpbron beperkinge kom in fokus hier. Tog wil ons vandag eerder fokus op die mense se reaksie op hierdie openbaring van mag oor belangrike hulpbronne. Ons teksvers som hierdie reaksie eenvoudig op. Hulle wil Hom, selfs met geweld, koning maak.

Kom ons beskou dit eers uit 'n menslike oogpunt. Is dit nie 'n goeie idee nie. Enige ekonoom se droom. Versekerde voedsel sekerheid. Die bonatuurlike vermoë om voedsel op hierdie skaal te vermeerder sal mos kan verseker dan niemand ooit weer in die land hoef honger te lei nie. Maar dit is maar net die eerste vlak van die plan. Daardie begin stadium van 'n saak, wanneer mense nog met 'n goeie hart wil optree. Wanneer hulle selfs nog dink aan hulle naaste.

Ongelukkig weet almal wat al in besigheid betrokke was, dat die volgende vlakke vinnig volg. En op die volgende vlakke, word daar nie meer so baie aan ons naaste gedink nie. Nee, daar word meer gedink aan hoe ek ook dit wat my naaste het kan inpalm. Dit is hier waar die wins bereken word op so 'n groot klomp voedsel wat met byna geen inset koste verkry is. Hierdie onregverdige voordeel in die mark, kan mos uiters winsgewend wees.

Al hierdie faktore beweeg mense onder die volk om Jesus as koning en leier te wil verklaar. Want as hierdie tipe leier tot diens van die mense, tot diens van hulle kan wees, wat kan die voordele nie alles wees nie.

### 3. Onvergenoegdheid

Die probleem met die optrede van die mense in ons teksvers, is dat dit 'n bepaalde oortuiging openbaar. In plaas van die dankbaarheid oor die wonderwerk wat beleef is, wil die mense nog wonderwerke hê. Dit is immers die doel agter die beplande koningskap. Duidelik sien ons iets van 'n onvergenoegdheid onder die mense.

'n Soeke na meer. Sien die wonderwerk word nie ontken nie, intendeel daar word juis na nog sulke wonderwerke gesoek. Iets wat maklik sou kon gebeur as Jesus op daardie stadium hulle aardse leier sou word. Selfs al sou dit lynreg in gaan teen die opdrag in Genesis 3:19 wat lui "19net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe"

Hierdie onvergenoegdheid is egter nie iets wat tot die eerste eeu tydens Jesus se aardse bediening beperk is nie. Ook nie tot die 16de eeuse Roomse Katolieke kerk nie. Dit leef nog steeds vandag voort. Daar is nog vandag navolgers van Jesus wat soos 'n Judas van ouds nie tevrede is met dit wat die Christelike geloof bied nie.

Ons sien dit vandag veral in iets soos die voorspoedteologie. Die idee om 'n arm of sieklike gelowige te wees is darem net vir meeste mense te ongemaklik. Dit is dan wanneer die geloof so bietjie gedraai en gebuig moet word, om tog maar in te sluit waarvan ek hou. Dikwels is 'n mens verbaas hoeveel wêreldse idees en konsepte word die geloof ingedra om net bietjie gemakliker te maak.

Hierdie punt bring 'n mens by die ongemaklike self ondersoek. Die vraag of ek dalk onvergenoeg geraak het, en daarom my geloof 'n bietjie wil aanpas. Wil ek nie ook maar 'n bietjie wêreld in die kerk indra om dit nie so vreemd te maak nie. Dit terwyl die Heilige kerk juis vandag in 'n moreel bank wêreld altyd heeltemal vreemd sal wees.

### 4. Die koning van konings

Tog werk die beskuldiging van onvergenoegdheid dikwels die verkeerde reaksie by aanhoorders. Juis daarom moet dinge bietjie in perspektief geplaas word. Wanneer ons na geloof en aanbidding van die Here kyk, dan is dit nie soos die wêreld om ons waar mense maar net voortdurend gemaan word, om met minder tevrede te wees nie. Nee om onvergenoeg te wees in die geloof is om die ware grootheid van die Here mis te kyk.

Kom ons verduidelik dit aan die hand van ons teksgedeelte. Die mense daar teenwoordig wil hê dat die Here die wonderwerk herhaal, oor en oor in die toekoms. Maar eintlik mis hulle die hele punt van die wonder van die vermeerdering van die brood. Want dit is uiteindelik nie die hoogtepunt van die dag nie. Die woord verkondiging is die hoogtepunt. En die wonder van die vermeerdering van die brood, is ter ondersteuning van die woordverkondiging.

Jesus vermeerder die brood omdat Hy bekommer is oor die welstand van mense wat nou net die evangelie aangehoor het. Maar alhoewel hulle van hierdie vermeerderde brood eet, sou hulle weer die volgende dag honger wees. Maar indien die Heilige Gees die geloof in hulle gewerk het, wat met die aanhoor van die evangelie kom, dan is hulle gered en dan het hulle die ewige lewe. Ja, selfs al sou hulle ook op aarde sterf van te min brood hê. Om dus die Koning van konings te verneder tot 'n aardse koning is om die onverganklike te verruil vir die tydelike. Jesus openbaar dit self later in Johannes 18:36: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

Dit is uiteindelik die probleem met eiewillige Godsdien. Die ware geloofskatte word miskgekyk en selfs verbeur omdat die fokus so ingestel is op aardse dinge.

Amen

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek op 'n praktiese manier afsluit. Hoe weet ek, dat ek besig is met eiewillige Godsdien. Die kerk se standpunt was nog altyd, as dit nie uit die Woord uit kom nie, dan word dit nie in die kerk en in my geloof gedoen nie. Die Christelike geloof is nie maar net nog 'n geloof, wat iets by ander gelowe kan gaan leer nie.

In die Christelike geloof sien ons openbaringe. Dit wat die Woord aan ons kom openbaar oor die redding in ons Here Jesus Christus. Daarmee saam openbaar die Woord van die Here ook die perfekte manier waarop die Here aanbid en geëer wil word. Soos vraag 98 dit skerp stel, is dit arrogant om te dink dat ons beter weet as die Here. En om dan nog so op te tree, beteken op die einde dat ons die ware diepte van geloof verruil vir goedkoop kort termyn resultate.

Daarom wanneer daar weer 'n versoek vir 'n ketting gebed of ander poging tot manipulering van die Here nou ons kant toe kom, dan is dit ons plig om te vra na die skrif gebruik wat hier uitgeleef word. Wanneer daar weer 'n kerklike bepaling weens die gemak van die mens beredeneer word, dan moet ons ook vra na die gebruik soos geopenbaar deur die Woord van die Here. Want al aanbid ons nie meer vandag beelde, kan ons steeds maklik in eiewillige Godsdien verval. Ons kan steeds die sonde begaan om die Here in ons diens te probeer stel. Selfs met geweld. Daarom kan ons afsluit met die bekende woorde van Christus: "nigtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."